

EERSTE UITGAWE : 2019

VGK MALMESBURY



NUUSBRIEF VIR DIE KWARTAAL

JANUARIE – MAART 2019

Geagte Lidmate

Gedurende die eerste kwartaal van 2019, het die VGK Malmesbury soveel genade van God ontvang. Die kwartaal was vir ons as gemeente vol vreugde, smart en oorwinning, nogtans kan ons God ons Vader noem. As ons as gemeente voorraadopname van die afgelope drie maande moet doen, sal ons ontdek hoe geseënd ons in werklikheid is en hoe genadig God teenoor ons was en nog steeds is deur in al ons behoeftes te voorsien. Wanneer ons elke dag alles bepeins wat die Here onverdiend vir ons as gemeente doen, word ons herinner aan die feit dat ons oneindig baie het om voor dankbaar te wees. Op grond van genoemde stellings wil dominee en die kerkraad graag die volgende met u deel.

SKRIBA-KASSIER: *Sr. Cleodine Leukes is op 1 Januarie 2019 in genoemde amp aangestel..*

EPIFANIE-FEES: *Die fees waar ons Jesus se koms na die wêreld vier, is op 6 Januarie 2019 gedenk. Na die erediens het lidmate bordkryt ontvang om die volgende op hul huise se voordeure te skryf: 20 + C + M + B + 19. Nadat dit neergeskryf was, moes die gesin die volgende gebed hardop saam bid. "Here Jesus, mag almal wat in hierdie jaar ons huis binnekom, vind dat U tussen ons en in ons leef; mag hulle welkom en tuis voel en mag ons 'n lig wees na die wêreld daarbuite".*

WEEK VAN GEBED: *'n Uiters geseënde week van gebed het plaasgevind op 14 - 18 Januarie 2019, met die tema: "Het jy dalk die behoefte om oor te begin?" Tydens die week het die gemeente besef dat dit genade is om oor te begin. Genade is God se "reset-knoppie". Ons as gemeente het ook ervaar dat: Gebed is die vrymaking van die energie van God, want gebed is om God te vra om dit te doen wat vir ons onmoontlik is.*

INSEËNING VAN BRIGADE OFFISIERE: *Die volgende lidmate is op 24 Februarie 2019 in die volgende ampte ingeseën:*

<u>Doughters Kompanie</u>		<u>Seuns Kompanie</u>	
Denise Abdol	Kaptein	Adam Leander	Kaptein
Andred Apollis	Eerste Luitenant	Vernon Hein	Eerste Luitenant
Surene Cupido	Tweede Luitenant	Sydney Rinkwest	Tweede Luitenant
Mariette Welkom	Kapelaan	Eric Uren	Kapelaan
Meagan Samson	Sersant Majoor	Austin Jacobs	Sersant Majoor

DOPELINGE: *Lidmate wie hulle kinders gedurende die kwartaal na die doopvont gebring het, is:*

Br. en Sr. Abdol

Sr. Kaylin Esau

Sr. Monique Stemmer

KOSTER: Br. Jan Karolus is op 1 Maart 2019 as voltydse koster aangestel.

TEKKIEDIENS: 'n Geseënde Tekkiediens het op 10 Maart 2019 plaasgevind.

'n **KERKRAADSOPLEIDINGSKAMP** het plaasgevind van 15 tot 17 Maart 2019 te Bainskloof wat voorwaar vir almal teenwoordig 'n geseënde naweek was.

'n Geslaagde **SKOOLVAKANSIE PROJEK** is gedurende die Maart-vakansie aan leerlinge en student binne die gemeenskap aangebied. Verskillende aktiwiteite was vir vyf dae vanaf 09:00 tot 12:00 in die kerksaal aangebied. Die organiseerders wil almal wie betrokke was by die projek van harte bedank.

Die VGK gemeente van Malmesbury se beker van seëninge loop voorwaar oor. Ons ervaar dat terwyl ons God dank en prys, die ondervinding van die lewegewende krag wat gebore word uit volgehoue danksegging ons gees aangryp en ons inspireer tot meer danksegging.

FINANSIES

'n Bedrag van R20 000.00 is aan Wupperthal se gemeenskap geskenk vir die ramp wat die Morawiese Sendingstasie getref het.

Op 11 Maart het ons gemeente uitgereik na Elkana Kinderhuis met 'n skenking van R11 163.15 tot voordeel en ontwikkeling van elke kind.

DIE OPBRENGS VAN DIE KOLLEKTE EN DANKOFFERS VIR KWARTAAL 1 IS:

Januarie 2019	R 50 099.65
Februarie 2019	R 74 888.10
Maart 2019	<u>R 47 975.70</u>
Totale opbrengs	<u>R172 963.45</u>

Ons kan tereg uitroep soos Dawid in Psalm 103:1-2: Ek wil die Here loof met alles wat in my is, wil ek sy heilige Naam loof. Ek wil die Here loof en nie een van sy weldade vergeet nie.

Aan die families wie geliefdes aan die dood afgestaan het, kan ons die versekering gee dat daar nie duisternis is waarheen ons geliefdes gaan nie, want God is Lig, hulle is nie eensaam nie, want Christus is met hulle, hulle is nie in 'n onbekende land nie, want ons opgestane Here is daar!

† AFGESTORWENES VANAF 1 JANUARIE TOT 31 MAART 2019. †

Br. Booï Gilbert; Br. Samuel Damonse; Br. Ulrich Jasson; Sr. Marlene van Rooyen; Sr. Sophia Johanna Hugo; Br Jeffrey Cupido; Sr. Heather van der Westhuizen; Sr. Sara Pedro.